**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 1234/2006

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**LEBAMANG EDWIN SEDIADIA**

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 1 FEBRUARIE 2007

---

[1] Die beskuldigde is skuldig bevind op twee aanklagte, te wete eerstens handel in 9,91kg dagga ter oortreding van die bepalings van artikel 5(b) van Wet Nr. 140 van 1992 en tweedens, oortreding van artikel 49(1)(a) van die Immigrasiewet, Nr. 13 van 2002, deurdat die beskuldigde die RSA binnegekom het of daarin vertoef het in stryd met die bepalings van die Immigrasiewet. Op die eerste aanklag is die beskuldigde gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf wat in geheel voorwaardelik opgeskort is vir 4 jaar en op die

tweede aanklag is hy gewaarsku en ontslaan. Die tweede aanklag is reëlmatig afgehandel ingevolge artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977.

[2] Ten aansien van die beskuldigde se pleit op die eerste aanklag van handel in dagga, alternatiewelik besit van dagga, lees die rekord met betrekking tot hoe die beskuldigde daarop pleit, soos volg:

> gA. Ek is skuldig op besit, eintlik moes ek die dagga vir iemand vevoer en hy moes ek ietsie kom gee het soos geld en hy het nie gedoen soos hy gesê het nie. (sic)
>
> V. Goed so verstaan ek u reg u pleit onskuldig op die klagte van handel met dagga.

A. Ja edelagbare skuldig.
V. U het nou net gesê u pleit onskuldig?"

[3] Op die laaste vraag van die landdros vervat in die voormelde aanhaling, bevat die rekord geen antwoord nie. Die landdros verklaar by navraag dat die betrokke kasset waarop die verrigtinge opgeneem is ongelukkig verlore geraak het en dat hy ook nie kan onthou wat die beskuldigde se antwoord was

nie. Alhoewel die beskuldigde hierna deur die landdros ingevolge die bepalings van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977 ondervra is asof hy skuldig gepleit het op die hoofaanklag van handeldryf in dagga, kan na my oordeel uit hoofde van die voormelde nie bevind word dat die beskuldigde inderdaad aldus skuldig gepleit het nie. Die feit dat die beskuldigde tydens vonnisverrigtinge bewerings gemaak het wat hom aan handel in dagga skuldig sou kon maak, kan hieraan nie verskil maak nie. Die beskuldigde het wel skuldig gepleit op besit van dagga en tydens ondervraging deur die landdros het hy slegs erkennings gemaak wat hom skuldig maak aan besit van dagga. Die staatsaanklaer het die aangebode pleit aanvaar.

[4] Gevolglik moes die beskuldigde na my oordeel nie aan handeldryf in dagga skuldig bevind gewees het nie maar wel aan besit van dagga ter oortreding van die bepalings van artikel 4(b) van Wet Nr. 140 van 1992. Die beskuldigde is ‘n burger van Lesotho en dit is belang van geregtigheid dat die saak nie terugverwys word vir doeleindes van

vonnisoplegging ten opsigte van laasgemelde oortreding nie.

[5] Gevolglik word die skuldigbevinding en vonnis op aanklag 1 ter syde gestel en vervang met ‘n skuldigbevinding aan besit van dagga ter oortreding van die bepalings van artikel 4(b) van Wet Nr. 140 van 1992 en ‘n vonnis van R1 500,00 of 6 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir ‘n tydperk van 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan oortreding van artikel 4(b) of 5(b) van Wet Nr. 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Origens word die verrigtinge bekragtig.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, R**

/em